**SATERDAG 16 MEI**

**SKRIFGEDEELTE: GENESIS 16:7-16**
**FOKUSGEDEELTE: GENESIS 16:11, 13**

**Hagar – Die Here ken en hoor en sien ons swaarkry!**

Swaarkry in hierdie wêreld is ’n universele verskynsel. Ook gelowiges is nie hiervan gevrywaar nie. Ons het egter die ontsaglike troos: die Here ken en hoor en sien ons swaarkry!

Abram en Sarai het probeer om die Here se belofte van ’n nageslag op hulle eie terme te laat realiseer. Sarai het haar slavin, Hagar, vir Abram as vrou gegee. Hierdie menslike oplossing loop egter net op gebroke verhoudings uit – soveel so dat die swanger Hagar (reisende of vlugtende) uiteindelik van Sarai af die woestyn in wegvlug.

Dáár, by ’n fontein in die woestyn, verskyn die Here aan Hagar. Dan die wonderlike: die Here maak dit vir haar duidelik dat Hy haar swaarkry ken en hoor en sien:

Dat Hy haar *ken*, is duidelik uit die feit dat Hy haar reg in die begin as “*Hagar, slavin van Sarai*” aanspreek.

Dat Hy haar *hoor*, is duidelik uit die feit dat Hy haar beveel om haar kind Ismael te noem, wat *“God hoor”* beteken (vgl. Gen. 21:17-18).

Dat Hy haar *sien*, is duidelik uit Hagar se eie woorde: “*U is ’n God wat my sien, hier het ek Hom gesien wat my gesien het*.”

Sy noem toe ook die fontein Lagai-Roï-fontein, wat *“die fontein van Hom wat lewe en my sien”* beteken.

Vir Hagar was dit ’n oorweldigende belewenis dat God haar, ’n benoude, swanger, nie-Israelitiese wegloopslaaf, ken en hoor en sien.

As God Hom só oor Hagar ontferm het, wat nie eens deel is van sy verbond nie, hoeveel te meer sal Hy Hom nie oor ons ontferm nie, ons wat sy kinders is deur Christus? Soos Paulus argumenteer: “*Hy het sy eie Seun nie gespaar nie, maar Hom oorgelewer om ons almal te red. Sal Hy ons dan nie al die ander dinge saam met Hom uit genade skenk nie?*” (Rom. 8:32).

Hierby het ons nog die troos: die Heilige Gees, wat in ons woon, is die waarborg dat ons God se eiendom sal bly, en by Christus se wederkoms die nuwe hemel en aarde sal ontvang waar daar geen meer smart en pyn sal wees nie. Hoor en glo daarom dié troos: die Here ken en hoor en sien ons swaarkry!

*Sing: Psalm 68:9 (1936)*
*Dr. AJ (Albert) Coetsee (Uitschot)*